**TYDSDUUR: 60 minute**

© Kopiereg

# Conquesta 2014

*(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades - Gev. 1998)*
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

***Vraestelle moet asseblief in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studentenommer teruggestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saam. Dankie.***

## Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 3

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
*(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)*
Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

**VOORBEELD**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Voorbeeld*:<br>**Ons betaal met ……** | (a)<br>sout. | (b)<br>papier. | (c)<br>geld. | (d)<br>veld. |

*James vertel vir sy gesin van die troeteldierskou. Kyk na die advertensie en beantwoord vrae 1 tot 10. Omkring die korrekte antwoorde.*



**Blombeddingstraat 13**
**Johannesburg**

TROETELDIERSKOU



Saterdag 20 November | Kinders R5 | Skakel asb.tel: 0734243333

9vm. tot 5nm. | Volwassenes R10

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1. Wanneer is die skou?** | (a)<br>vyfde Nov. | (b)<br>derde Nov. | (c)<br>twintigste Nov. | (d)<br>twaalf Nov. |
| **2. Waar gaan die skou wees?** | (a)<br>Durban | (b)<br>Kaapstad | (c)<br>Kokstad | (d)<br>Johannesburg |
| **3. Hoeveel moet kinders betaal om in te gaan?** | (a)<br>vyf rand | (b)<br>drie rand | (c)<br>tien rand | (d)<br>elf rand |
| **4. Hoe laat eindig die skou?** | (a)<br>vyfuur | (b)<br>drie-uur | (c)<br>elfuur | (d)<br>twee-uur |





| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **5. Kies 'n dier wat jy dink 'n mens by die troeteldierskou sal kan sien.** | (a)<br>leeu | (b)<br>pikkewyn | (c)<br>hond | (d)<br>bobbejaan |
| **6. Waarvoor staan die afkorting nm.?** | (a)<br>namiddag | (b)<br>nooit meer | (c)<br>niks meer | (d)<br>niemand |
| **7. Op watter dag van die week is die troeteldierskou?** | (a)<br>Maandag | (b)<br>Dinsdag | (c)<br>Vrydag | (d)<br>Saterdag |
| **8. Watter troeteldier kan vlieg?** | (a)<br>pikkewyn | (b)<br>papegaai | (c)<br>padda | (d)<br>perd |
| **9. Hierdie troeteldier het vinne en skubbe.** | (a)<br>haas | (b)<br>vis | (c)<br>muis | (d)<br>voël |
| **10.** Kies die woord wat die sin voltooi:<br>**'n Mens loop met 'n hond aan 'n ……** | (a)<br>stok. | (b)<br>leerbelt. | (c)<br>leiband. | (d)<br>tou. |

*Lees die gediggie deur en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 11 – 25.*

## Skool



Skool is vir kinders.
Stel jul wekkers.
Staan op Staan op!
By die skool is dit lekker,
elke jaar maak jou sterker!

Wiskunde, Wetenskap en wie weet wat nog.
Juffrou en Meneer sê leer jou les en luister tog.
Leer maak jou slim.
Die bus stop jy moet klim.

Doen jou bes
en kyk wes.

*Deur: Marié Steyn*